

Ontmoeting 4

Elisa, Naäman en die dogtertjie

Kinders leer dat hulle vir grootmense van God kan vertel

Teks: 2 Konings 5; Jesaja 44:6

Hulpmiddels:

- Speel die verhaal in die sandboks uit of wys die video: https://youtu.be/06PpFzT-xm0?list=PLktlXDwXKqcZX-cW3hOZN3tI_NT-4BViA
- Afdrukke van die inkleurprente
- Papier pop, “slider” boekmerk



Welkom

Speel met die groep – “Op die wal, in die water”: Die kinders staan in 2 rye. Die rye kyk na mekaar. In die middel is daar ’n groot opening wat water voorstel. Gebruik lyne op die vloer soos die natuurlike lyne van die rand van ’n mat of plak lyne met maskeerband. Die kinders staan op die “wal”. Wanneer jy “In die water!” uitroep, moet al die kinders vorentoe hop (oor die lyn en na mekaar toe). Wanneer jy “Op die wal” uitroep, hop die kinders almal agteruit om weer weerskante van die water te staan. Die idee is om hul uit te vang, deur bv. “In die water” uit te roep wanneer hulle reeds daar is. Wanneer ’n kind in die verkeerde rigting spring, is hy uit die speletjie.



Wyding

Stilword-ritueel: Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en lig patrone binne hul ooglede. Sê na 10 tellings in ’n rustige stem (terwyl hul oë toebly): “God se lig skyn altyd oor jou, of dit donker of lig in jou lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem.” Wag nog ’n paar tellings en sê dan: “Amen.”



Woord

Vertel die verhaal en speel dit in ’n sandboks uit of kyk die video: https://youtu.be/06PpFzT-xm0?list=PLktlXDwXKqcZX-cW3hOZN3tI_NT-4BViA. Naäman was ’n baie belangrike man. Hy was ’n generaal in Aram. Baie mense het hom geken en hy het in baie oorloë geveg. Een keer het hy teen die Israeliete geveg en ’n klomp mense gevang. Een van die mense wat gevang is, was ’n dogtertjie. Sy is uit haar land, Samaria, weggeneem en moes vir Naäman se vrou werk. Sy het die Here liefgehad.

Naäman kry toe ’n vreeslike aansteeklike siekte. Die siekte is melaatsheid genoem. (*Verduidelik wat melaatsheid is.*) Almal was ontsteld hieroor, want hulle het geweet dat hierdie siekte aansteek en dat Naäman nie meer by sy mense kon bly nie. Hulle sou ook van die sere kry. Daar was nie medisyne vir hierdie siekte nie.

Op ’n dag, toe die dogtertjie sien hoe siek Naäman is, vra sy vir Naäman se vrou: “Mevrou, hoekom neem julle nie vir Meneer Naäman na die profeet Elisa toe nie? Hy woon in Samaria. Hy sal hom kan help.” Die dogtertjie het geweet dat God vir Elisa sal help om vir Naäman gesond te maak.

Naäman gaan toe na die paleis van die koning van Israel. Hy het h klomp geskenke saamgeneem. Die koning van Israel het baie groot geskrik. Hy kon mos nie vir Naäman gesond maak nie. Hy was bang dat dit h manier van die Koning van Aram was om moeilikheid tussen die twee lande te veroorsaak. Gelukkig het Elisa h boodskap gestuur dat Naäman na hom toe moes kom in Samaria. Dis mos wat die dogtertjie ook gesê het.

Naäman kom eindelijk by Elisa se huis aan. Elisa se dienskneg, Gehasi, word uitgestuur met h boodskap van Elisa: "Gaan bad jou sewe keer in die Jordaanrivier. Dan sal die Here jou gesond maak."

Naäman wou eers nie. So 'n lawwe ding gaan hy wat 'n generaal is, nie doen nie. "Is ons riviere nie beter as die ou spruitjie van Israel nie?" kla hy. Hy ry sommer terug huis toe. Maar sy manne praat met hom en toe gaan hy tog na die rivier toe. Naäman duik toe sewe keer in die Jordaanrivier. En daar gebeur dit – toe Naäman die sewende maal uit die water kom, was hy gesond. Hy was nie net gesond nie, sy vel was ook so nuut soos h jong seun s'n. Die wonderlikste ding wat gebeur het, was dat hy vir God liefgekry het.

Naäman gaan toe terug na Elisa se huis om hom te bedank. Naäman vertel toe vir Elisa dat hy nou in God glo en vir Hom wil dankie sê.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:


1. Ek wonder hoe jy sou voel as jy Naäman was.
2. Ek wonder hoe het Naäman gevoel toe hy sien hy is gesond.
3. Ek wonder wat jy sou doen as jy die dogtertjie was.
4. Ek wonder hoe voel jy oor God wanneer jy die storie hoor.



Werskaf

- Inkleurprent
- Papier poppie aktiwiteit

Sluit af met die seënbede



Knip die strook papier met die 2 prente van Naäman uit. Gebruik h “craft”-messie en sny versigtig op die stippellyne op die groot prent (in die water en net bokant die land). Ryg die strook deur die gleuwe soos op die klein prentjie gewys word. Trek die strook op en af van agter af terwyl die storie vertel word waar Naäman sewe keer in die rivier moes gaan bad. Na die sewende keer trek h mens die strook verder sodat die “gesonde” Naäman uit die water verskyn.

Begin met die melaatse Naäman bo die water. Trek die strook af sodat hy in die water is en trek weer op.



Herhaal nog 6 keer. Na die sewende “onderdompeling” trek die strook verder op sodat die gesonde Naäman bo die water verskyn.



